

4 Januarie

Skrifgedeelte: Eksodus 12:1-14

Fokusgedeelte: Eksodus 12:14

Paasfees het vir my 'n nuwe begin gebring!

Paasfees was die geboorteproses van 'n verlore Godsvolk. So ingrypend is dit dat dit die geskiedenis herskrywe, selfs die kalender verander. Alles eindig om 'n nuwe begin te maak, 'n feestelike begin.

Israel se slawerny was op 'n einde, die verlossingsbloed van die paaslam het dit op 'n dramatiese wyse beëindig. Die doodsengel het daardie huis oorgeslaan. God het hulle vir die lewe bestem en gespaar.

Daardie nag was ook die begin van hulle nuwe, verlore lewe. Hulle mag dit nooit vergeet het nie, God beveel dit as vaste instelling ook vir die toekomstige geslagte, hulle moes selfs in hulle brood nuut, sonder suurdeeg, begin.

En later in die geskiedenis in Kanaän sit kinders grootoog en luister as hierdie verlossingsverhaal aan hulle oorvertel is terwyl hulle stadig aan die bitter kruie peusel en die Heilige Gees dit in hulle harte bevestig: God het my verlos!

In 'n groot bo-vertrek kry die fees nuwe betekenis as 13 mans Paasfees vier en een hulle verlaat met 'n geheime agenda. Daardie nag het ook die geskiedenis herskrywe, daar het 'n nuwe begin deurgebreek vir God se volk. Profesieë is vervul, Johannes die Doper se "*Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem*" word werklikheid.

En ek en u vier *nag*-maal op bevel terwyl ons oortuig is dat die nuwe vir ons begin het en nou onkeerbaar voortstu tot voltooiing as ons as bruid(skerk) gaan aansit aan die bruilofsfees van die Lam, ons Here Jesus Christus.

Sing: Psalm 92:1, 2, 3

Ds PK Lourens (Bloemfontein-Oos)

